Senwes

JAAREINDRESULTATE
APRIL 2018

2018: 311
2017: 167
86,2%
Netto wins na belasting (R'm)

2018: 181,7
2017: 97,1
87,1%
Wesensverdienste s/aandeel

2018: 11,0
2017: 3,3
7,7%
Totale aandeelhouersopbrengs (%)

FINANSIËLE HOOFTREKKE



VOORUITSIGTE

Die vooruitsigte bly uitdagend in die makro landbou-omgewing uit 'n geopolities-ekonomiese oogpunt. Indien lae kommoditeitspryse voortduur, sal dit stremming plaas op die spanderingsvermoë van die klant en gevolglik die insetkanaal. Die groot oordragvoorraad gee egter momentum aan die nuwe seisoen se graanopbergingsbesigheid.

DIVIDENDVERKLARING

2018: 27 sent vs **2017:** 25 sent
Rekorddatum: 22 Augustus 2018
Betaaldatum: 31 Augustus 2018

Agri rewards

ONE Agri

BESIGHEIDSEGMENTE







Finansiële Dienste

21 besigheidseenhede

Landboukrediet is baie laat vir die 2017/18 seisoen opgeneem terwyl die vorige jaar se skuld vinniger as verwag deur die produsente terugbetaal is. Dit, tesame met aggressiewe uitstelreëlings deur insetverskaffers, het druk op die opbrengs van die kredietboek geplaas. Daarteenoor het die versnelde terugbetaling die agterstalligheid, kredietrisiko, en gevolglike kredietvoorsienings verlaag wat met vergrote fokus op margebestuur, 'n 7% verbetering op die vorige jaar meegebring het.

Insetverskaffing

123 besigheidseenhede

Die insetbesigheid het nie na die verwagte vlakke teruggekeer nie. Verkope van meganisasietoerusting het verlangsaam nadat die klant sy oes teen laer marges gelikwideer het en gevolglik die kontant aan die terugbetaling van skuld spandeer het. Die besigheidseenheid se swakker draai in voorraad het verhoogde waardedalings en finansieringskoste meegebring. Die kleinhandelsbesigheid het 25% beter as die vorige jaar presteer en is besig om te normaliseer ná die vorige droogtesiklus. Daarteenoor moes die groothandelsbesigheid 'n verlaagde aktiwiteit die hoof bied.

Marktoegang

93 besigheidseenhede

Die verhoogde volumes weens die groter oes het grootliks tot die winsgewendheid van die graanhantering- en bergingsbesigheid bygedra. Groter markaandeel is ook verkry hoofsaaklik weens die effektiwiteitsprogramme, nuwe verkrygingsprodukte, die lojaliteitskema en die suksesvolle sluiting van termynkontrakte met meulenaars wat beter dienslewering tot gevolg gehad het. Daarbenewens, het die goeie drakoste in die mark heelwat geleenthede meegebring.

GEOUDITEERDE STATE

Die verkorte jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2018 is beskikbaar op die internet by www.senwes.co.za of kontak die maatskappysekretaris by 018 464 7104 vir 'n kopie daarvan. Die volledige finansiële state, slegs in Engels, sal ongeveer 2 Julie 2018 ook op die webtuiste beskikbaar wees.

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06) | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | **Webwerf:** www.senwes.co.za

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, JBH Botha, AJ Kruger, NDP Liebenberg, JJ Minnaar, SM Mohapi, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller, Maatskappysekretaris EM Joynt. *(Uitvoerend)